

Vroegoggend in 'n Kaapse ateljee – *jogurt en koffie* gee Nicola energie vir 'n dag voor die kamera.

Hare en grimering deur grimeerkunstenaar Luciano dos Santos (foto onder links) is die eerste stap van natuurlik tot asemrowend.

Nicola en Kaapse fotograaf Anthony Friend (onder) *bespreek die gewoel* van haar parfuum-advertensie.

SARIE se Cherice Smith is byderhand om elke stap van Nicola se metamorfose neer te pen.

Hooffoto's Max Models/Publicity Works.



Die parfuum wat haar naam gaan dra, is nes sy – natuurlik, sê Nicola Breytenbach, die SA model wat deesdae 'n regte storieboek-lewe het. SARIE het gaan kyk hoe word haar parfuum-advertensie gemaak

NICOLA *in 'n bottel*

deur CHERICE SMITH hooffoto's ANTHONY FRIEND inlas-foto's JOSIE BORAIN

'N

mens kan sê 2008 was die Jaar van Nicola. Sy't 30 geword, 'n spogtroue gehad met die Amerikaanse sakeman Ben Steiner in Saint-Tropez, Frankryk, én sy't haar eie parfuum ontwikkel.

Dis juis toe sy onlangs 'n advertensie vir dié parfuum in Kaapstad geskiet het dat SARIE agter die skerms gaan inloer het . . .

Dis net ná nege op 'n reënerige oggend in Kaapstad. Nicola Breytenbach kom soos 'n vars bries by die foto-ateljee in Woodstock aan. Sy't nie 'n groot *entourage* nie. Net haar publisiteitsagent, Andrew Farr, en twee sleeptassies op haar hakke.

Sy's gemaklik in jeans, 'n swart trui en balletstyl-skoene. Net so beeldskoon soos toe sy op die glansblaaie van tydskrifte soos *Vogue* in Dior- en Versace-uitrustings verskyn het.

In haar diep stem stel sy haarself vriendelik aan almal voor: "Hallo, ek's Nicola."

Sy en die Kaapse fotograaf Anthony Friend gaan sit by die rekenaar en kyk na 'n "storiebord" wat Nicola saamgestel het. Dis vol foto's wat die gevoel wat sy vir haar advertensie in gedagte het, weerspieël.

"Die parfuum, Nicola, gaan oor mý. Die beeld wat ek wil oordra, moet getrou wees aan wie ék is. Nie te glansryk nie, meer natuurlik."

Sy soek al lank na 'n projek in SA. "Met 'n parfuum kan jy mense 'n bietjie meer van jouself wys – op 'n ander manier. Ek het 'n maatskappy in SA gekry om my te help en vir hulle 'n voorlegging oor my navorsing gedoen: Hoe die parfuum moet ruik, hoe lank dit moet hou nadat jy dit aangespuit het. Ek het die parfuums wat ek gebruik en waarvan ek hou aan hulle genoem – Marc Jacobs en Ralph Lauren Blue. Hulle het toe vir my vyf monsters gestuur, waarvan ek een moes kies. Die parfuum word in Duitsland vervaardig en die bottels in Italië gemaak." Dit word later vanjaar bekend gestel, eers net in SA.

Nicola beskryf die parfuum as vars en vroulik met die geur van blomme. Dis nie té soet nie en het nie spesery- of vrugtegeure nie, maar wel blom-elemente soos katjiepiering en soetemaling, asook muskusgeure.

Die aanvanklike fotosessie vir die advertensie is met 'n week uitgestel omdat Nicola se skoonpa, Jeffrey Steiner, oörlede is. Sy moes eers Switserland toe vlieg om by die familie te wees en daarna Israel toe vir sy begrafnis.

"Ons was baie na aan mekaar. Hy was 'n reuse deel van ons lewens."

Dié ewige reisiger is gewoond aan rondvlieg en sê daar bestaan nie iets soos 'n roetine in haar lewe nie.

"Nie een van my dae is dieselfde nie – ook nie een van my weke nie! Ek en Ben reis verskriklik baie – twee dae in Israel, twee in Parys . . . Ons kan van enige plek af werk. Dis 'n besige lewenstyl, maar as ons te lank op een plek bly, raak ons krapperig."

Tussen die reisroes deur is "huis" hul woonstelle in New York, Washington en Düsseldorf, Duitsland. Hulle het ook 'n huis in Gstaad, Switserland, en 'n plaas in Virginië.

"Ek's dol oor Washington, want dis rustig en ons ken baie getroudes daar," sê Nicola. "Op die plaas in Virginië kan ons naweke net ontspan. Ek hou nie baie van Duitsland nie – dis máár vir Ben se sake."

Switserland lê haar na aan die hart. Sy en Ben het verlede jaar ses maande lank daar gebly om by sy pa te wees. "Naas SA is dit my gunsteling-plek."

Nicola beskryf 'n tipiese dol week: "Die Vrydag sal ons van New York na Washington vlieg sodat Ben nog kan werk. Daarna gaan ons vir die naweek na Virginië. Dan weer van Maandag tot Donderdag in Duitsland. Vrydag vlieg ons weer Gstaad toe . . ."

Sy kom gewoonlik alleen SA toe, omdat dit net vir háár sake is, en sy bly altyd by haar pa, Richard, in Groenpunt, Kaapstad. Benewens Kaapstad is haar gunsteling-vakansieplek Harbour Island in die Bahamas.

Nicola het al beroemdes soos Tom Cruise, Brad Pitt, Kate Moss en Giselle Bündchen ontmoet, maar haar vriendekring bestaan nie uit bekendes nie.

"Een van ons naaste vriende is wel die kulkunstenaar David Blaine. Hy was Ben se getuie op ons troue. Ek ken ook vir Donald Trump, maar dis nie asof ons mekaar vir aandete of middagete kry nie."

Sy's deel van die Trump-modelagentskap en hy het haar persoonlik uitgesoek om in 'n paar episodes van sy werklikheidsreeks, *The Apprentice,* te verskyn en deelnemers met take te help.

Nicola is versot op kook en sal >

'Met 'n parfuum kan jy vir mense 'n bietjie meer van jouself wys'

'Ek sal van my kop af raak as ek 'n *butler* moet hê'

'n Oefenlopie! Nicola speels voor die kamera terwyl die beligting getoets word.



Ure later en die *advertensie* is in wording – die eerste van drie opsies.

'n Droom word bewaarheid: Die eerste foto's verskyn op skerm.





'N MEISIE VIR *vinnig* LEEF

Bo na onder:
1. Nicola land met 'n private vliegtuig in Gstaad, Switserland, vir 'n vinnige vakansie.
2. Op witte-brood in Portofino, Italië.
3. Nicola en Ben by haar vriendin Ivana Trump se troue.
4. In die sneeu by Gstaad.

< eerder 'n ete tuis maak as om tot laatnag in nagklubs te kuier. "Ben sê ek maak die beste gebraaide hoender!"

In New York eet hulle graag by die Japannese restaurant Nobu, wat deur die wêreldbekende sjef Nobu Matsuhisa, die akteur Robert De Niro en ander in die rolprentbedryf besit word.

Nicola en Ben ken mekaar al tien jaar en is steeds dolverlief.

"Hy bederf my oneindig baie. Die heel beste geskenk wat hy my gegee het, is om my soveel van die wêreld te wys. Soos Saint-Tropez – ek het nie geweet mense leef so nie, met hul eie bote en seiljagte."

Hulle word gereeld omring deur die wêreld se rykste mense. Ben kom self uit 'n baie ryk familie. Het Nicola al die luukses soos 'n *butler*, stilis, instap-klerekaste en 'n duisend paar skoene?

"Nee, nee, nee!" keer sy. "Ek dink nie ek het eens 'n honderd paar skoene nie. Ek het 'n klein skoenrak in die hoek van my kamer. Ben se familie het bote en 'n vliegtuig, maar nie ons nie."

Sy sê dis wonderlik om alles tot jou beskikking te hê, maar hulle kan nie op 30 só leef nie. "Ek voel sleg as mense my bedien. Ek sal van my kop af raak as ek 'n *butler* moet hê. Ek het iemand wat twee keer 'n week my huis kom skoonmaak en dis dit."

Sy gaan self winkels toe en koop haar eie klere.

"Intermix is een van my gunstelinge. Hulle het klere van verskillende jong, opkomende ontwerpers. Jy kan enigiets daar kry."

Haar styl is eenvoudig – jeans. Sy hou ook baie van die Suid-Afrikaans gebore ontwerper Marc Bouwer se skeppings. Hy woon en werk in New York.

"Hy's 'n baie goeie vriend en gee gereeld vir my rokke. Ons het die Suid-Afrika-ding gemeen."

Nicola hou steeds die belange van minder bevoorregte Suid-Afrikaners in gedagte. Sy het onlangs by die SA liefdadigheidsorganisasie Diamond Empowerment Fund betrokke geraak. Hulle bied ná-matriek-opleiding vir studente in Johannesburg aan en het al twee kampusse. Sy is onlangs deur die mede-stigter van die fonds, Russel Simmons, as 'n diamant-engel aangewys. Sy help om vir die fonds geld in te samel en sal die gesig van hul bewusmakingsveldtogte wees.

Wat haar loopbaan betref, is die volgende stap om minder modelwerk te doen.

"Ek wil die parfuum ook op die internet beskikbaar stel en as dit goed doen, sal ek dink aan nog produkte. Daar's regtig geen perke nie."

'Ek gaan nie die Angelina Jolie-ding doen en my kinders regoor die wêreld saamvat nie'

Sy's ook gereed om met 'n gesin te begin.

"Ek sien baie daarna uit. Die kinders gaan saam met ons rondreis, maar as hulle skool toe gaan, sal ons 'n meer stabiele omgewing vir hulle skep. Ek gaan nie die Angelina Jolie-ding doen en my kinders regoor die wêreld saamvat nie. Ek verkies dat hulle in Genève, Switserland, grootword. En ek gaan hulle dwing om buite te lewe – soos ek."

Van hoeveel kinders praat ons, Nicola?

"Soveel as wat my liggaam kan dra!"

Daar is nog net 'n paar foto's om te neem en dan is dié wêreldling weer op pad Johannesburg toe. Dan New York, waar Ben wag.

"Ek gaan reguit huis toe, waar ek minstens 'n maand gaan bly!"